Province of the
**EASTERN CAPE**
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# MUSIEK – EERSTE VRAESTEL

# NOVEMBER 2009

**PUNTE:** **120**

**TYD:** **3 uur**

**NAAM:**

Hierdie vraestel bestaan uit 33 bladsye.

**LOS ASSEBLIEF HIERDIE BLADSY OOP**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. Beantwoord AL die vrae op hierdie vraestel in die spasies wat voorsien word.

3. Dit word aanbeveel dat AFDELING A slegs in potlood beantwoord word.


4. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk gebruik kan word. Hierdie bladsy mag deur die kandidaat verwyder word.

## AFDELING A: MUSIEKTEORIE

## VRAAG 1

Bestudeer die uittreksel uit Coenie de Villiers se *Namakwaland* en beantwoord die vrae wat daarop volg:






1.1 **Tydmaatteken**

1.1.1 Wat is die tydmaatteken van hierdie stuk?

______________________________________________ (1)

1.1.2 Verskaf ŉ alternatiewe manier om hierdie tydmaatteken te skryf.

______________________________________________ (1)

1.1.3 Herskryf die aangeduide area in maat 35 oor na saamgestelde vierslagmaat.

(2)

1.2 **Franse tydname**

Skryf die Franse tydname vir die aangeduide area in maat 41.

______________________________________________ (2)

1.3 **Transponering**

Jou skool hou 'n musiekaand met 'n Afrikaanse tema. Ongelukkig het jou skool nie 'n koor nie. Jy moet die aangeduide gedeelte in die altstemparty vanaf maat 28, polsslag 4, tot maat 32, polsslag 4 vir fluit en saksofoon transponeer. Dit is 'n proeflopie om te sien of die instrumente wat gekies is goed sal kombineer met die solo-stem wat die sopraanlyn sing. Transponeer die boonste altstemparty 'n oktaaf hoër vir die fluit en die onderste altstemparty 'n majeur 6de hoër vir die Eβ-saksofoon. (8)

Fluit

Saksofoon

1.4 **Intervalle**

Identifiseer die aangeduide intervalle.

A ____________________ (1)

B ____________________ (1)

C ____________________ (1)

D ____________________ (1)

E ____________________ (1)

1.5 **Drieklanke**

1.5.1 Skryf die tonika-drieklank van hierdie stuk in eerste omkering sonder toonsoortteken. Gebruik die sopraansleutel. (2½)

1.5.2 Skryf 'n verminderde drieklank in grondposisie, met toonsoortteken, wat gebou is op die 4$^{de}$ trap van die toonsoort hierbo. Skryf dit in die bassleutel. (2½)

1.6 **Besyfering en identifisering van kadense**

1.6.1 Besyfer die aangeduide akkoorde:

X ______________________________ (1)

Y ______________________________ (1)

Z ______________________________ (1)

1.6.2 Identifiseer die kadens tussen die laaste twee mate.

______________________________ (1)

1.7 **Akkoordvreemde note**

Identifiseer die akkoordvreemde note wat met 'n * aangedui is.

1.7.1 ______________________________ (1)

1.7.2 ______________________________ (1)

**[30]**


**VRAAG 2**

2.1 Skryf die majeur-toonleer met vier kruise sonder toonsoortteken, in ’n enkelvoudige vierslagmaat, opgaande. Gebruik die altsleutel en begin op die tonika. (4)

| Beskrywing | Leerder se punt | Puntetoekenning |
|---|---|---|
| Korrekte sleutel | | 1 |
| Korrekte tydmaatteken | | 1 |
| Korrekte nootwaardes | | 2 |
| Korrekte note | | 4 (-½ vir elke fout) |
| **TOTALE PUNT** | | **8** |
| **÷ 2** | | **4** |

2.2 Skryf die verwante melodiese mineur-toonleer van die toonleer van VRAAG 2.1, opgaande. Skryf dit in die gegewe sleutel, met toonsoortteken, en gebruik ’n enkelvoudige vierslagmaat tydmaatteken. Begin op die tonika. Dui die toonleer aan in die gegewe spasie.

**Toonleer:** ______________________________




(5)

| Beskrywing | Leerder se punt | Puntetoekenning |
|---|---|---|
| Korrekte toonsoortteken | | 1 |
| Korrekte tydmaatteken | | 1 |
| Korrekte nootwaardes | | 2 |
| Korrekte toevallige tekens | | 2 |
| Korrekte note | | 2 |
| **TOTALE PUNT** | | **8** |
| **÷ 2** | | **4** |

2.3 Identifiseer die toonleer/modus waarop elkeen van hierdie melodieë gebaseer is.




2.3.1 ____________________________________________ (1)



2.3.2 ____________________________________________ (1)



2.3.3 ____________________________________________ (1)



2.3.4 ____________________________________________ (1)



2.3.5 ____________________________________________ (1)


**[14]**

**VRAAG 3**


Beantwoord **óf** VRAAG 3.1 **óf** VRAAG 3.2.

3.1 Skryf 'n 8-maat melodie wat die volgende insluit:

- Keuse van instrument
- Enkelvoudige tydmaatteken
- Frasering wat gepaste kadense by frase-eindes insluit
- Tempo-aanduidings
- B-mol majeur toonsoort
- EEN van die volgende ritmiese motiewe



**OF**



**Instrument:** ______________________________________________

(8)

| **Beskrywing** | **Leerder se punt** | **Puntetoe-kenning** |
|---|---|---|
| Keuse van instrument en tempo-aanduiding | | 1 |
| Korrekte gebruik van tydmaatteken en toonsoortteken | | 1 |
| Korrekte gebruik van gegewe ritme | | 1 |
| Frasering en kadense | | 1 |
| Grammatika en melodie (Sien rubriek hieronder) | | 4 |
| **TOTALE PUNT** | | **8** |


**OF**

3.2 Voltooi die gegewe openingsmotief om 'n 8-maat melodie te vorm wat uit twee 4-maat frases bestaan.

Jou melodie moet die volgende insluit:

- Keuse van instrument
- Frasering wat gepaste kadense by frase-eindes insluit
- Tempo-aanduiding

**Instrument:** ______________________________________________



(8)


| **Beskrywing** | **Leerder se punt** | **Puntetoe-kenning** |
|---|---|---|
| Keuse van instrument en tempo-aanduiding | | 1 |
| Korrekte gebruik van tydmaatteken en toonsoortteken | | 1 |
| Korrekte gebruik van gegewe motief | | 1 |
| Frasering en kadense | | 1 |
| Grammatika en melodie (Sien rubriek hieronder) | | 4 |
| **TOTALE PUNT** | | **8** |

**[8]**

**VRAAG 4**

Harmoniseer die gegewe sopraanmelodie vir SATB. Jou antwoord moet die volgende insluit:

- ŉ Plagale kadens aan die einde
- Ten minste EEN deurgangs- of hulpnoot



(8)

| **Beskrywing** | **Leerder se punt** | **Puntetoe-kenning** |
|---|---|---|
| Kadens | | 2 |
| Deurgangs- of hulpnoot | | 1 |
| Gepaste akkoorde, akkoorde in omkering | | 2 |
| Korrekte note, - spasiëring tussen stempartye, - rigting van nootsteeltjies, - besyfering, - verdubbeling | | 1 |
| Gladde stemvoering | | 2 |
| **TOTALE PUNT** | | **8** |

**[8]**

**TOTAAL AFDELING A: 60**

**AFDELING B**

**VRAAG 5: BAROKMUSIEK**

Jy het EEN van die volgende genres bestudeer:

5.1 **Suite**

5.2 **Prelude en Fuga**

5.3 **Sonata**

5.4 **Kantate**

5.5 **Concerto Grosso**

Kies die korrekte definisie vanuit die lys hieronder wat die genre beskryf wat jy bestudeer het. Skryf die letter van die korrekte stelling in die gegewe spasie en beantwoord die vrae van die betrokke genre wat daarop volg:

A ʼn Instrumentale werk wat uit verskeie bewegings bestaan en kan óf binne óf buite ʼn kerk uitgevoer word.

B ʼn Klein ensemble word gekontrasteer teen ʼn groter ensemble wat die tutti genoem word.

C ʼn Reeks van dans-geïnspireerde bewegings vir solo instrumente, klein ensembles of orkeste.

D ʼn Vokale werk in verskeie bewegings wat gebaseer is op gewyde of sekulêre teks met instrumentale begeleiding.

E Nabootsing van motiewe en melodieë kom voor. Bestaan uit twee of meer stempartye met ʼn sentrale tema wat nageboots word deur al die stempartye.

5.1 **Suite**

5.1.1 Letter van definisie.

______________________________ (1)

5.1.2 Noem TWEE instrumente waarvoor hierdie suite geskryf is.

______________________________

______________________________ (2)

5.1.3 Beskryf die karakter en vorm van die 4de beweging, die Bourée, van die suite.

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________ (2)

5.2 **Prelude en Fuga**

5.2.1 Letter van definisie:

______________________________ (1)

5.2.2 Hoe word die ritmiese dryfkrag kortliks onderbreek naby aan die einde van die prelude?

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________ (2)

5.2.3 Noem die instrument waarop hierdie Prelude en Fuga oorspronklik uitgevoer was.

______________________________ (1)

5.2.4 Watter stem stel die tema bekend in die fuga?

______________________________ (1)

5.3 **Sonata**

5.3.1 Letter van definisie:

________________________________________ (1)

5.3.2 Uit hoeveel bewegings bestaan die sonata?

________________________________________ (1)

5.3.3 Noem EEN ooreenkoms tussen al die bewegings van hierdie sonata.

________________________________________ (1)

5.3.4 Beskryf die opening van die eerste bewegings.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________ (2)

5.4 **Kantate**

5.4.1 Letter van definisie:

________________________________________ (1)

5.4.2 Hierdie kantate is geskryf vir die $8^{ste}$ Sondag na Paasfees, en is gebaseer op die teks uit Matteus 25. Watter storie vertel hierdie gelykenis?

________________________________________

________________________________________ (2)

5.4.3 Noem EEN instrument wat in hierdie kantate verskyn.

________________________________________ (1)

5.4.4 Watter stem sing die eerste resitatief?

________________________________________ (1)

5.5 **Concerto Grosso**

5.5.1 Letter van definisie:

________________________________________ (1)

5.5.2 Vir watter solo instrument is Vivaldi se Vier Seisoene geskryf?

________________________________________ (1)

5.5.3 Verskaf die term wat gebruik word vir instrumentale musiek wat geassosieer word met ’n storie.

________________________________________ (1)

5.5.4 Wat is die vorm van die eerste beweging van Lente?

________________________________________ (1)

5.5.5 In watter sleutel is Lente geskryf?

________________________________________ (1)

**[5]**

## VRAAG 6: ORATORIO

6.1 **Waar of Onwaar:**

Die Messias se teks is slegs geneem uit boeke vanuit die Nuwe Testament van die Bybel.

**Antwoord:** ____________________ (1)

6.2 Voltooi die volgende tabel:

| Deel | Inhoud |
|---|---|
| Deel 1 | 6.2.1 ____________________ |
| Deel 2 | 6.2.2 ____________________ |
| Deel 3 | Vier Christus se verlossing en die onsterflikheid van die Christen wese. |

(2)

6.3 Noem ŉ ander taal waarna die Messias vertaal is.

____________________ (1)

6.4 Beskryf die tekstuur van *For Unto Us a Child is Born*.

____________________

____________________

____________________

____________________ (2)

6.5 Handel gebruik verskillende teksture in die *Hallelujah*-koor. Beskryf die monofoniese tekstuur soos dit aangetref word by die woorde "*for the Lord God omnipotent reigneth*."

____________________

____________________

____________________ (2)

**[8]**

**VRAAG 7: KLASSIEKE MUSIEK**

In die lys hieronder is verskeie woorde en stellings wat betrekking het op EEN van die volgende genres wat jy bestudeer het:

- Concerto
- Simfonie
- Kamermusiek
- Opera

Spesifiseer die genre wat jy bestudeer het en kies die regte stellings wat daarby pas. Dui jou keuses aan deur slegs die letters van die stellings in die spasies te skryf.

A ‘Surprise’.

B ʼn Storie wat opgevoer word in ʼn teater met sang, orkes, kostuums, dekor en beweging.

C *Catalogue*-aria.

D Vier bewegings: Allegro, Romance, Minuet en Trio, Rondo.

E “Die rustige openingsmelodie van die inleiding word twee keer herhaal en word gevolg deur ʼn opgaande chromatiese passasie van agste-note.”

F Musiek wat uitgevoer word deur ʼn klein ensemble in ʼn intieme omgewing.

G “Nuwe musiek en sekwense van kort motiewe in G-majeur volg en keer uiteindelik terug na B$\beta$-majeur ter voorbereiding van A in die tonika sleutel.”

H ʼn Werk vir solo instrument en orkes.

I In G-majeur.

J Derde beweging is in Sonata Rondo vorm.

K Zerlina en Masetto.

L *Eine kleine Nachtmusik.*

M Trompet.

N Gekomponeer deur Mozart.

O ʼn Groot werk vir simfonieorkes, met drie of vier bewegings.

P “Die trio is in drieslagmaat en word gewoonlik slegs deur drie instrumente gespeel.”

Q Don Giovanni.

R Gekomponeer deur Haydn.

**Antwoord:** ____________________________________________

(Gekose Klassieke Genre)

Letters

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

(5)
**[5]**

**VRAAG 8: SONATA**

ŉ Internasionaal beroemde pianis, John Lill, besoek jou stad/dorp om van Beethoven se klavierwerke uit te voer. Toevallig gaan hy die sonata wat jy bestudeer het, die *Pathetique* Sonata Op. 13, uitvoer.

Jou onderwyseres het kaartjies bespreek vir al die Graad 11-musiekleerders om die konsert by te woon. Sy het julle opdrag gegee om ŉ opstel van EEN bladsy te skryf oor jul ondervinding van die konsert. Jou opstel moet die volgende bevat:

- Definisie van ŉ sonata.
- Kort agtergrond van die komponis en die sonata se titel.
- Beskrywing van elke beweging, veral die laaste beweging se struktuur.
- Persoonlike kommentaar oor die uitvoering. (8)

[8]

**VRAAG 9: ORKESMUSIEK**

ʼn Orkesfees word in jou dorp gehou, en die musiekleerders van jou skool het die voorreg om die fees by te woon en na van die orkeste te luister wat daar optree. Die volgende vier tipe orkeste het almal by die fees opgetree:

- 'Big Band'
- Jazz-orkes
- Blaasorkes
- Konsertorkes

Kies EEN van die orkeste en skryf ʼn paragraaf oor waarom jy geniet om na die musiek te luister. Sluit die volgende in:

1. Definisie van die orkes (2)
2. Instrumentasie van die orkes (2)

**Antwoord:** ______________________________

(Gekose orkes)

______________________________
______________________________
______________________________
______________________________
______________________________
______________________________
______________________________
______________________________
______________________________
______________________________
______________________________
______________________________
______________________________
______________________________
______________________________ **[4]**

**VRAAG 10: POPULÊRE MUSIEK**

Kies EEN van die volgende populêre kunstenaars wat jy bestudeer het:

- The Beatles
- Bob Dylan
- Donna Summer
- Elvis Presley
- Abba

Bestudeer die lirieke hieronder en kies die EEN wat jou kunstenaar sing deur die letter in die gegewe spasie te skryf. Beantwoord die vrae wat volg:

A But you're gonna have to serve somebody, yes indeed
You're gonna have to serve somebody,
It may be the devil or it may be the Lord
But you're gonna have to serve somebody.

B You can dance, you can jive
Having the time of your life.
Oh, see the girl, watch the scene
Digging the dancing queen.

C I believe for every drop of rain that falls, a flower grows.
I believe that somewhere in the darkest night, candle glows.
I believe for everyone that goes astray, someone will come, to show the way.
I believe, I believe.

D Eleanor Rigby picks up the rice in the church where a wedding has been
Lives in a dream
Waits at the window, wearing the face that she keeps in a jar by the door
Who is it for?

E You're always on my mind – always have been – always will be
I think about you all the time – I don't want to – you're a habit
And I'm running I'm running I'm running away from you
Every time when you come – I come undone – can't escape from you
It's the science of love – the science of love

**Antwoord:** ______________________________________________

(Gekose populêre kunstenaar)

10.1

| | |
|---|---|
| LIRIEKE | LETTER: ______________________ |

(1)

10.2 Noem kortliks en definieer die styl van die kunstenaar wat jy gekies het. Sluit toepaslike kenmerke in.

_______________________________________________________________________

_______________________________________________________________________

_______________________________________________________________________

_______________________________________________________________________

_______________________________________________________________________

_______________________________________________________________________

_______________________________________________________________________

_______________________________________________________________________

_______________________________________________________________________

_______________________________________________________________________

_______________________________________________________________________

_______________________________________________________________________

_______________________________________________________________________

_______________________________________________________________________ (4)

**[5]**

**VRAAG 11: SUID-AFRIKAANSE POPULÊRE MUSIEK**

Beantwoord **óf** VRAAG 11.1 **óf** VRAAG 11.2 **óf** VRAAG 11.3 **óf** VRAAG 11.4 **óf** VRAAG 11.5.

11.1 **Brenda Fassie**

11.1.1 In watter stad is Brenda Fassie gebore?

________________________________________ (1)

11.1.2 Sy was vernoem na Brenda Lee. Watter tipe musikant was hierdie vrou?

________________________________________ (1)

11.1.3 Wat was die naam van die pop-groep vir wie sy die hoofsanger was?

________________________________________ (1)

11.1.4 Waarom was Brenda Fassie so gewild?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________ (1)

11.1.5 Brenda Fassie was bekend as die “Queen of African Pop”. Wat het sy nog bekend gestaan as?

________________________________________ (1)

**[5]**

**OF**

11.2 **Johnny Clegg**

11.2.1 As wie is hy ook bekend?

______________________________________________ (1)

11.2.2 Beskryf die styl van sy liedjies.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (2)

11.2.3 Saam met watter Zoeloe musikant het Johnny Clegg die musiekgroep *Juluka* begin?

______________________________________________ (1)

11.2.4 Noem EEN van sy albums.

______________________________________________ (1)

**[5]**

**OF**

11.3 **Mango Groove**

11.3.1 Beskryf die styl van hul musiek.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (2)

11.3.2 Noem die blaasinstrument wat eie aan hul musiek is.

______________________________________________ (1)

11.3.3 Noem EEN elk van hul albums en liedjies.

______________________________________________

______________________________________________ (2)

**[5]**

**OF**

11.4 **Abdullah Ibrahim**

11.4.1 As wie het Abdullah Ibrahim oorspronklik bekend gestaan?

__________________________________________________ (1)

11.4.2 Waarom het hy sy naam na Abdullah Ibrahim verander?

__________________________________________________ (1)

11.4.3 Noem 'n jazz-instrument wat sy styl van musiek beïnvloed het.

__________________________________________________ (1)

11.4.4 Saam met watter musiekblyspel het hy eerste oorsee getoer?

__________________________________________________ (1)

11.4.5 Noem EEN van sy komposisies.

__________________________________________________ (1)
**[5]**

**OF**

11.5 **Louis Mhlanga**

11.5.1 Watter instrument speel hy?

__________________________________________________ (1)

11.5.2 As wie staan hy ook bekend?

__________________________________________________ (1)

11.5.3 Voltooi die sin:

Sy loopbaan het in 1970 begin toe hy begin het om verskeie (a) ... style met (b) ... musiek te vermeng.

(a) ______________________ (b) ______________________ (2)

11.5.4 Noem EEN beroemde kunstenaar saam met wie hy al opgetree het.

__________________________________________________ (1)
**[5]**

**VRAAG 12: SUID-AFRIKAANSE STYLE**

Jou musiekonderwyser het elke leerder opdrag gegee om 'n mondeling voor te dra oor EEN van die Suid-Afrikaanse style hieronder:

- Hip Hop
- R&B / African Jazz
- Pantsula

Sluit enige VYF van die volgende riglyne in jou mondeling in:

1. Definisie van styl
2. Invloede
3. Lirieke
4. Ritme
5. Sangers
6. Dans
7. Kunstenaar
8. Oorsprong

Skryf jou notas (ongeveer 'n paragraaf lank) wat jy gedurende die mondeling sal gebruik. Dui jou keuse van styl aan.

**Antwoord:** ______________________________________________

(Gekose Suid-Afrikaanse styl)

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

[5]

**VRAAG 13: SUID-AFRIKAANSE KOMPONISTE**

Beantwoord **óf** VRAAG 13.1 **óf** VRAAG 13.2 **óf** VRAAG 13.3.

13.1 **Arnold van Wyk**

13.1.1 Waar het hy sy B.Mus graad voltooi?

______________________________________________ (1)

13.1.2 Vir watter geleentheid het hy die *Eeufees cantata* in 1938 gekomponeer?

______________________________________________

______________________________________________ (1)

13.1.3 Beskryf die styl van sy musiek.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (3)

**[5]**

**OF**

13.2 **Péter-Louis van Dijk**

13.2.1 Gee die titel van die eerste opera wat hy gekomponeer het op die ouderdom van 19.

______________________________________________ (1)

13.2.2 Hy komponeer in 'n verskeidenheid van genres. Gee die titel van EEN van sy werke wat in die kategorie van musiek vir die jeug val.

______________________________________________ (1)

13.2.3 Wat het Van Dijk probeer om te versmelt in sy komposisie *San Gloria*?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (2)

13.2.4 Noem EEN van sy komposisies wat nie in die bogenoemde vrae genoem is nie.

______________________________________________ (1)

**[5]**

**OF**

13.3 **BB Myataza**

13.3.1 Wat is Myataza se beroep?

______________________________ (1)

13.3.2 Gedurende sy studies was hy gekies as die beste musiekstudent. Vir watter musiek-eksamen het dit hom aangemoedig om voor in te skryf?

______________________________ (1)

13.3.3 Watter tipe musiek verwerk hy soms?

______________________________ (1)

13.3.4 Beskryf kortliks sy komposisie *Ingoma Phezu Kodonga Lomlambo*.

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________ (2)

**[5]**

**VRAAG 14: SUID-AFRIKAANSE TRADISIONELE MUSIEK**

Noem EEN tipiese Indiese of Sotho instrument en beskryf kortliks TWEE funksies en EEN kenmerk van die musiek. Noem EEN populêre komponis van hierdie tradisionele musiekstyl. (5)

**Antwoord:** ______________________________

(Gekose Suid-Afrikaanse Tradisionele Musiekstyl)

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

**[5]**

**VRAAG 15: MUSIEKINDUSTRIE EN MUSIEKREGTE**

ʼn Platemaatskappy stuur jou groep se demo-CD terug. Twee weke later hoor jy jul liedjie oor die radio – maar dit word deur ʼn ander groep gespeel. Jou liedjie is definitief gesteel deur die ander groep. Wat kon jy gedoen het om dit te verhoed? Sluit in watter voordeel jy kan trek daaruit as jy die korrekte prosedure volg. (Neem die puntetoekenning in ag.) (5)

**[5]**

**TOTAAL AFDELING B: 60**

**GROOTTOTAAL: 120**

